



higher education
& training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

T1150(A)(A4)T

NASIONALE SERTIFIKAAT

MOTORBAKWERKTEORIE N1

(11040561)

4 April 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye.

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
NASIONALE SERTIFIKAAT
MOTORBAKWERKTEORIE N1
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
 2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
 3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
 4. Die vrae kan in enige volgorde beantwoord word, maar hou die onderafdelings van die vrae bymekaar.
 5. Gebruik slegs blou of swart ink.
 6. Skryf netjies en leesbaar.
-

VRAAG 1

- 1.1 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.
- 1.1.1 'n Lugaangedrewe skuurmasjien is baie kleiner en ... as die elektriese tipe. 
- 1.1.2 Moet nooit 'n hidrouliese domkrag sonder 'n ... basis/voetstuk/fondamentplaat gebruik nie.
- 1.1.3 Die agteruit-/regssweisingsmetode word slegs aanbeveel vir staalplate wat dikker as ... is.
-  1.1.4 Die draad van silinderkrane word regs gesny vir suurstof en ... vir asetileen.
- 1.1.5 Wanneer dit nodig raak om groot areas te krimp, moet mens ... as een kol/punt/gebied verhit en krimp.
- (5 × 2) (10)
- 1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.
- 1.2.1 Die deurslotte van 'n motor voer nie die baie belangrike funksie uit om die deure toe te hou nie. 
- 1.2.2 'n Binnebrandenjien is 'n hitte-enjin.
- 1.2.3 Die doel van 'n verkoeler is om 'n klein hoeveelheid water in verskeie klein stroompies te verdeel.
- 1.2.4 'n Termostaat kan nagegaan word deur dit in 'n kan water sonder 'n termometer te hang.
- 1.2.5 'n Ander metode om van al die petroldampe in 'n tenk ontslae te raak, is om stoom deur die tenk te stuur.
- (5 × 2) (10)
[20]

VRAAG 2

Die linkeragterdeur van 'n Polo Classic is aan die onderkant deurgeroes. 

Beskryf stap vir stap hoe om die skade met 'n plaatmetaalstrook te herstel. **[20]**

VRAAG 3

- 3.1 Die modderskerm van 'n motor is in 'n ongeluk geskeur. Die skeur is reeds gesweis en geplaneer.

Beskryf hoe hierdie gesweiste gedeelte met die loodveegproses afgewerk sal word.

(10)

- 3.2 'n Swaar voorwerp het op die dak van 'n motor geval en die metaal ingedruk en gerek.



Verduidelik stap vir stap hoe om die gerekte area met die hittekrimpingsproses te krimp. Neem aan dat die hulsvoering/ hulsbedekking reeds verwyder is.

(10)

[20]**VRAAG 4**

Die enjinkap van 'n motor was in 'n haelstorm beskadig en is herstel. Die enjinkap moet nou weer met selluloselakverf bespuit word.

Beskryf die proses stap vir stap, van die voorbereiding af, tot waar die hoëglansverf aangespuit word.

[20]**VRAAG 5**

- 5.1 Gee VYF voorkomende maatreëls wat toegepas moet word wanneer daar met Porto-Power gewerk word.

- 5.2 Gee VYF oorsake van verf wat loop.

- 5.3 Noem VYF belangrike gedeeltes/onderdele van 'n sproeispuut.

- 5.4 Noem VYF veiligheidsreëls waarby daar in 'n spuitverfwerkwinkel gehou moet word.



(4 × 5)

[20]**TOTAAL:****100**